WANDA BAM

Wanda is welbekend in die kunstebedryf as spreker, sanger, skrywer en radio aanbieder. Sy het die program LEEF vir bykans 22 jaar uitgesaai op Radio Kansel en Kaapsekansel. Sy was ook aanbieder op Radio Impact in Gauteng. Sy is die mede-skrywer van ongeveer 15 publikasies, en die skrywer van Wilderniswenke, 'n selfhelp boek vir die herstel van trauma, telleurstelling en verlies by vroue, wat onlangs die lig gesien het.

Sy is 'n nasionale en internasionale spreker en kunstenaar. Sy was ook voorheen die aanbieder van Afrikaanse Hosanna TV program op SABC2, veldaanbieder vir In Pas TV Program op KykNet en aanbieder van die program Kyk Nuut van NG Moreleta op Rhema TV. Sy het as hoofrol in verskeie teater produksies, in die Staatsteater opgetree, waaronder die musiekblyspel Gans Dans onder leiding van Jannie du Toit, Houtkruis die musical en ander. Sy het ook 13 CD's vrygestel. Van hierdie produksies het haar geneem na Engeland, Frankryk, Duitsland, Switserland, België, Dubai en Nambië. In die Voetspore van Jesus is later ook as TV opname in Israel opgeneem en het landswyd groot opslae gemaak. Sy was ook die stigter van WIX – Wenners in Xhristus waarmee sy verskeie SABC produksies gedoen het en landswyd getoer het.

**Toekennings:** Sy het twee jaar na mekaar die ATKV Lier toekenning gewen vir "Beste Gospel Kunstenaar". Wanda was 'n finalis in die SAMA musiek toekennings en het die CBSA toekenning ontvang as beste gospel, dameskunstenaar vir haar produksie "Ek sal wag". Wanda is die stigter van die HeelVrou konsep en bied

hierdie kampe en werkswinkels nasionaal en internasionaal aan met groot sukses. Sy werk tans aan ’n nuwe boek en tree steeds nasionaal op by gemeenskappe en korporatief waar sy met ’n verskeidenheid gehore haar getuienis, insigte en bediening deel. Sy bied ook verskeie kursusse aan om radio omroepers te bemagtig en kursusse vir vroue oor “Self verwesenliking.”

Sy is gelukkig getroud met Mark en is die trotse ma van twee dogters Melissa en Melinda en wonderlike skoonseuns, Adriaan en Tertius. Haar vier kleinkinders is haar grootste vreugde en seën.

### Naas haar gesin wat haar grootste vreugde is sê Wanda:

*“Buiten my besondere liefde vir kinders, diere en die veld, is my passie om vroue, maar veral jongmense, lewe te laat kies – ongeag omstandighede en stukkende verledes. Om agente van karakterbou, positiewe groei en ontwikkeling, op te lei vir die toekoms van ’n land, waarvoor ek ’n groot liefde en lojaliteitsbesef het.*

*My totale lewensmotivering is om presies in God se tydsbepaling die maksimum uit elke oomblik vas te gryp en bewustelik, vreesloos te leef uit dankbaarheid vir elke oomblik van LEWE!”*